
Afvalbestuur in die Onderwys – InterSEN

Geskryf deur:

Liezel Blom

Vertaal deur:

Hester Maria van der Walt

Geredigeer deur:

Hester Maria van der Walt

Tegniese ondersteuning:

Dreyer Lötter
Mark Hageman
Maryke Hageman

Gedruk deur:


Cytocento (PTY) Ltd

© Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning


Epos: Evodia.Boonzaier@pgwc.gov.za
Webtuiste: www.westerncape.gov.za/eadp

ISBN: 978-0-620-54520-4

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgwer gereproduseer word of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese metode weergegee word nie.




WAME Speletjie



Inhoudsopgawe

Bladsy

- | | |
|-----------------------------------|----------|
| 1. Ons omgewing | x |
| 2. Afval wat ons skep | x |
| 3. Soliede afval | x |
| 4. Hergebruik en herwin | x |
| 5. Herwinning en verminder | x |



Hoekom afvalbestuur by die skool toepas?

Probleemstelling

Suid-Afrika produseer jaarliks 470 miljoen ton afval. Elke mens produseer byna 2kg huishoudelike afval **PER DAG**. Die meeste van dié afval word op stortingssterreine gestort of daar begrawe. Dit veroorsaak dat kosbare hulpbronne verlore gaan. Die fisiese toestand van talle stortingssterreine soos dié skep **ENORME OMGEWINGSPROBLEME**, asook **GESONDHEIDSPROBLEME** vir diegene wat in die nabijgeleë omgewing woon. Dié situasie is heeltemal onaanvaarbaar en kan nie volgehou word nie.

"Die regering sal die opvoeding en bemagtiging van Suid-Afrika se mense bevorder wat geïntegreerde besoedeling- en afvalbestuur betref deur hul bewusmaking van en betrokkenheid by besoedeling en afval te verhoog, en bystand te bied met die ontwikkeling van die nodige kennis, vaardighede, waardes en toewyding vir suksesvolle geïntegreerde bestuur."

<http://easd.org.za/sapol/polwp6&7.htm#7.2>.


Hoe gaan u fokus op bewusmaking van en betrokkenheid by afval in u skool?

Die Handves van Regte

Die mees pertinente fundamentele reg in die konteks van geïntegreerde besoedeling- en afvalbestuur is die Omgewingsreg (s. 24) wat die volgende bepaal:


"Elkeen het die reg (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en (b) op die beskerming van die omgewing ter wille van huidige en toekomstige geslagte deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –

- (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
- (ii) bewaring bevorder; en
- (iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder."



Dié afdeling van die Handves van Regte waarborg vir die mense van Suid-Afrika die reg op 'n omgewing wat nie menslike gesondheid of welsyn sal benadeel nie, en plaas spesifiek 'n verpligting op die staat om wetgewing uit te vaardig en ook ander stappe te doen om te verseker dat dié reg gehandhaaf word en dat, onder meer, besoedeling en ekologiese agteruitgang verhoed word.

Wat kan gedoen word om dié impak te minimaliseer?



1. Ons omgewing

Onderwerp: Lewensvaardighede

Doelwit: Om leerders bewus te maak van afval om hulle.

NKABV-skakel:

Graae 4	▼	Graad 5	▼	Graad 6	▼	Graad 7	▼
<p>Term 4</p> <p>Personal and social well-being</p> <p>Topic: Health and environmental responsibility Healthy environment and personal health: home, school and community</p> <ul style="list-style-type: none"> • Examples of environments that are unhealthy: pollution (air, water and land) including illegal dumping sites • Dangers of unhealthy environments to personal health • Strategies to keep environments healthy: conservation of environment • Celebrating Arbor Day <p>Creative arts: Performing arts</p> <p>Topic: Read, interpret and perform Animation (bringing to life) of objects (props, puppets) to portray a character or tell a simple story</p>		<p>Term 3</p> <p>Personal and social well-being</p> <p>Topic: Health and environmental responsibility Safety measures at home and the environment:.. Harmful household products and medication (hazardous waste).</p>		<p>Term 4</p> <p>Creative arts: performing arts</p> <p>Topic: Improvise and create</p> <p>Optional: Puppetry Basic hand and/or head puppets, using found or recycled materials, inspired by an African story (traditional or contemporary)</p> <p>NOTE: ready-made puppets may also be used</p> <p>Topic: Read, interpret and perform</p> <p>Optional: Puppetry A puppet performance, using dialogue, puppet movement and musical accompaniment. Consider characters, relationships and structure (conflict and resolution).</p>		<p>Term 4</p> <p>Personal and social well-being</p> <p>Topic: Health, social and environmental responsibility</p> <ul style="list-style-type: none"> • Concept: environmental health • Local environmental health problems • Community and individual projects and strategies to prevent and deal with environmental health problems • Problem-solving skills: an action plan to address an environmental health problem and formulate environmentally sound choices and actions 	



Hulpbronne benodig:			
Poppevertoning	Poppekas	Plakkaat	Hulpbronne vir vingerpoppe (graad 2)
Handpoppe		Werkblaie	

Storie

Graad 4–7

Lees die verhaal saam met die leerders.

- ☛ Vra die leerders wat vertel die storie vir hulle.
- ☛ Vra hulle hoekom dink hulle mense mors.

Graad 4

Illustrasie

Gee gemeenskapsprentjie vir leerders.

- ☛ Vra hulle om in groepe te gesels oor waar hulle wil woon.
- ☛ Hoekom is dit gevaaarlik om in 'n ongesonde omgewing te woon?
- ☛ Hoe sou jy jou omgewing gesond hou? Skoon?

Graad 5

Illustrasie

- ☛ Gee gemeenskapsprentjie vir leerders. Vra hulle:
- ☛ Hoekom is die linkerkantse omgewing onveilig?
- ☛ Hoekom is die regterkantse omgewing veilig?

Graad 6

Illustrasie

Gee gemeenskapsprentjie vir leerders. Vra die leerders:
Wat is die verskillende kategorieë van vaste afval? (glas, papier, plastiek, metaal en organies.)

Wat vertel ons meer?

Die antwoord kan dus wees:

(Die sorteerhouers - vaste afval kan herwin word maar ons moet dit eers in die houers sorteer.)

Handpoppe

Wys vir leerders die poppe wat in Grondslagfase gebruik is. Leerders vorm groepe en bespreek hoe om basiese hand- of kop-poppe uit ou materiaal (afval) te maak. Leerders moet elke pop 'n "Afrika-voorkoms" gee. Sien graad 6-werkblad.

Graad 7

Illustrasie

Gee gemeenskapsprentjie vir leerders. Vra hulle om al die omgewingsgesondheidsprobleme te lys. Vra die leerders om dieselfde of soortgelyke probleme in hul gemeenskap te identifiseer. Sê vir die leerders hulle moet 'n aksieplan beraam om die omgewingsgesondheidsprobleem in hul gemeenskappe te takel.

Werkblaie

Graad 4–7

Leerders gebruik of voltooi die werkblad.

Storie 1: Hier kom die Rommelhelde

Een manier waarop mense van afval ontslae raak, is deur dit sommer net weg te gooi op die grond, in die water of op die sypaadjie. Leerders leer op 'n praktiese wyse van probleme van afval in die omgewing deur deel te neem aan 'n afvalopruiming. Die aktiwiteite wissel van: maak 'n collage/plakrent en en stal dit uit, tot by deelname aan 'n kompetisie tussen spanne om die meeste afval op te tel.

Hierdie aktiwiteit sal binne en buite die klaskamer geskied.

Pieter Papier en Betsie Blikkie kom saam by die skool aan. Al die kinders wag al vir hulle in die klaskamer. Betsie groet vrolik, maar Pieter se mondhoek bewe sommer toe hy sê: "Hallo, kinders. Ek is baie hartseer vandag.

Betsie Blikkie vra bekomerd: Hoekom Pieter? Wat is fout?" Pieter stap venster toe en roep die kinders om te kom kyk. Die hele skoolterrein lê vol papiere en ander rommel. Die Morsjorse was weer daar!

Pieter Papier se oë is vol trane wat nes confetti lyk: "Kinders, toe ek vanoggend hier kom kuier, sien ek al die afval wat so rondlê." Betsie Blikkie sit haar arm om Pieter se skouer. Ag Pieter, moenie huil nie. Ek is seker die kinders sal ons vinnig help. Sy oë rek groot en sy papiertrane waai sommer weg.

Al die kinders staan in 'n kring om Betsie en Pieter. Sy kyk na die kinders en sê: "Hmmm ... Wie is julle nou weer? O ja, julle is mos die Rommelhelde." Pieter is sommer bly en klap sy hande: Ja, julle is mos die Rommelhelde!!" Betsie Blikkie roep die kinders en almal hardloop saam uit. Kom! Ek wil hê julle moet uitgaan en al die rommel wat buite rondlê, gaan optel en dit na die klas toe bring.

Pieter Papier lag te lekker: "Ja, gaan trommel daai Morsjorse se rommel!" In 'n kits is al die papiere en blikkies en ander weggoogoed opgetel en die skoolterrein lyk sommer mooi. Pieter en Betsie en al die kinders sing en dans. Hulle is so bly hulle omgewing is so skoon.

Illustrasie



Naam: _____



Lees die volgende oor besoedeling.

Besoedeling

'n Mens kan dit nie mis nie, hè? Dis oral op ons planeet. Dit maak mense, diere en plante siek of selfs dood. Dit veroorsaak klimaatsverandering. Mense veroorsaak dit en moet dit stopsit, want die toekoms behoort aan hulle.

Voorbeelde van besoedeling:

Lugbesoedeling: geraasbesoedeling, rook, voertuie se uitlaatgasse, verbranding van steenkool en suurreën.

Waterbesoedeling: nywerheids-, myn- en landbouafval, rioolvuil en huishoudelike afval.

Grondbesoedeling: Grondbesoedeling en afvalverwydering.



Beantwoord die volgende vrae:

a. Wat is besoedeling?

b. Noem die verskillende tipes besoedeling.


c. Kyk na die prentjie en lees die storie. Watter soorte besoedeling sien ons? Wat lees ons?

d. Is 'n omgewing **ongesond** as die besoedel is? Waarom?

e. Hoe kan ons ons omgewing gesond maak?

f. Hoe kan ons Boomplantdag gebruik om ons omgewing gesonder te kry?

g. Teken 'n prentjie van 'n gesonde omgewing.



'n Veilige omgewing

Naam: _____



Lees die volgende oor 'n veilige omgewing.

Ons Grondwet sê almal het die reg tot 'n veilige en gesonde omgewing.

Die omgewing is ons tuiste. Die gehalte van ons omgewing raak ons almal, maak nie saak waar ons woon nie. As dit nie gesond is nie, is ons ook nie gesond nie. Wanneer mense die omgewing misbruik, raak dit ons almal. As water besoedel is, as die lug vol rook en chemiese stowwe is, as kos gifstowwe bevat, as vullis rondlê, word mense, plante en diere siek.

Alle mense het die verantwoordelikheid om die omgewing só te gebruik dat dit beskerm word vir ons, ons kinders en kleinkinders.

Baie mense verstaan nie waarom ons oor die omgewing besorg moet wees nie. Hulle dink menslike behoeftes en omgewingsbehoefte sluit mekaar uit, en dat mense belangriker as die omgewing is.

Die omgewing is die hele planeet waarop ons woon. Alles (wind, bome, diere, insekte, mense ens.) is deel van die aarde se lewendende stelsel.

Bron: <<http://www.etu.org.za/toolbox/docs/government/environmental.html>>



Beantwoord die volgende vrae:

- a. Wat is 'n veilige omgewing?

b. Wat is 'n onveilige omgewing?

c. Wat is gevvaarlike afval?

d. Wat moet jy doen om 'n Rommelheld te wees?

e. Knip prentjies uit van voorwerpe wat gevvaarlik/nie gevvaarlik nie, is.

Gevaarlik	Nie gevvaarlik

Maak poppe so:

Naam: _____



As groep gaan julle saam afvalpoppe maak en 'n poppespel skryf.

Wat jy nodig het:

Opsie 1: Eie poppe van afvalmateriaal.

Opsie 2: Sjablone vir handpoppe en materiale. (Sien volgende bladsy.)

Opsie 3: vingerpoppies en materiale. (Sien volgende bladsy.)

Wat om te doen:

In groepe van vyf berei leerders 'n poppespel voor aan die hand van die Grondslagfase-toneel 1 se dialoog, of skep hul eie dialoog vir poppespel.

Julle poppespel moet insluit:

- Popbewegings
- Musiek

Bied jul poppespel aan vir:

- Grondslagfaseleerders of
- Die hele skool.



Poppespel

Nie bereik nie	Elementêre prestasie	Gemiddelde prestasie	Bevrdigende prestasie	Substansiële prestasie	Meriteprestasie	Uitnemende prestasie
1	2	3	4	5	6	7
0-29 %	30 -39 %	40 - 49 %	50 - 59 %	60 - 69 %	70 - 79 %	80 - 100 %
Kan nie 'n afvalpop maak nie.	Maak 'n afvalpop met hulp.	Maak seker gedeeltes van die afvalpop.	Maak meeste gedeeltes van die afvalpop.	Maak 'n afvalpop.	Maak 'n afvalpop en skep 'n poppespel.	Skep 'n uitstekende afvalpop en poppespel

Die aksieplan

Graad
7

Naam: _____



Beskryf aksieplan wat die gesondheidsprobleem in jou gebied sal ondervang.

Wat is 'n aksieplan?

Die volgende vrae kan jou help om jou aksieplan te beraam


- Waar is ek nou?
- Waar wil ek wees?
- Hoe kom ek daar?
- Voer plan uit.
- Waar is ek nou?




Identifiseer eers die gesondheidsprobleem en skryf dan jou aksieplan neer.


Nie bereik nie	Elementêre prestasie	Gemiddelde prestasie	Bevrdigende prestasie	Substansiële prestasie	Meriteprestasie	Uitnemende prestasie
1	2	3	4	5	6	7
0-29 %	30 -39 %	40 - 49 %	50 - 59 %	60 - 69 %	70 - 79 %	80 - 100 %
Kan nie 'n aksieplan skryf nie.	Skryf begin van aksieplan.	Skryf 'n aksieplan met baie hulp.	Skryf 'n aksieplan met hulp.	Skryf 'n gemiddelde aksieplan.	Skryf 'n goeie aksieplan.	Skryf 'n uitstekende aksieplan.

Handpoppe





Handpoppe








Handpoppe






Toilettrolhandpopjabloon



Toiletrolhandpopjabloon



Toilettrolhandpopjabloon




2. Afval wat ons skep

Onderwerp: Wiskunde

Doelwit: Om leerders bewus te maak van hoeveel afval ons skep.

KABV-skakel:

Graad 4	✓	Graad 5	✓	Graad 6	✓	Grade 7	✓
Kwartaal 4 Meting Massa Berekening en probleemoplossing met betrekking tot massa: • Los probleme in konteks op met betrekking tot massa.		Kwartaal 3 Meting Volume Meting van volume: • Bepaal die volume/kapasiteit van voorwerpe deur dit te pak of te vul om sodoende 'n begrip vir kubieke eenhede te ontwikkel.		Kwartaal 4 Meting Kapasiteit/Volume Berekening en probleemoplossing met betrekking tot kapasiteit/volume insluitend: • Los probleme in konteks op met betrekking tot kapasiteit/volume		Kwartaal 4 Measurement Volume Measurement of volume • Continue to find volume/capacity of objects (by packing or filling them) • Develop an understanding of why you can describe the volume of rectangular prisms as their length multiplied by their breadth multiplied by their height	



Hulpbronne benodig:			
Storie	Produkte en items soos hier onder beskryf	Trekskaal	Werkblaaie

Storie

Graad 4–7

Lees die verhaal saam met die leerders.

Graad 4

Hoeveel afval skep ons?

Gee vir leerders 'n verskeidenheid produkte wat elk 2 kg weeg. Vertel die leerders dat ons elkeen elke dag sowat 2 kg afval produseer. Gee vir hulle sakke afval en vra hulle om te skat watter sak weeg 2 kg. Gee vir hulle 'n trekskaal om te bepaal of hulle antwoord korrek is. Sê vir hulle dat 2 kg dieselfde as 2 000 g is.

Graad 5

Vertel die leerders dat ons elkeen elke dag sowat 2 kg afval produseer. Doe'n dieselfde skattingsaktiwiteit as in graad 4.

Graad 6

Vertel die leerders dat ons elkeen elke dag sowat 2 kg afval produseer.

Gee vir hulle die vullisblikaktiwiteit in die werkbladafdeling om in pare te doen.

Graad 7

Vertel die leerders dat ons elkeen elke dag sowat 2 kg afval produseer. Verdeel hulle in groepe van drie. Gee vir hulle 'n klompie afval en laat hulle 'n sakkie met 2 kg afval opmaak. Gee vir hulle die volgende probleem.

Hoe lank sal dit 'n klas neem om 'n klaskamer met afval te vul? Sien werkblad vir leiding.

Werkblaaie

Graad 4–7

Leerders gebruik of voltooi die werkblaaie.

Storie 2: Hoeveel weeg dit ?

Leerders moet begin besef hoeveel rommel/afval daagliks veroorsaak word, sodat hulle die dilemma van vaste afval kan begin begryp. Hierdie storie sal hulle help om 'n visuele prentjie te vorm van die daagliks volume afval wat hulle en hul klasmaats veroorsaak. Identifiseer wie afval veroorsaak. Hierdie aktiwiteit sluit 'n "Afvalsak-inweeg" in. Dit is 'n wiskundegeoriënteerde aktiwiteit wat op massa fokus.

Vandag is al ons afvalmaatjies hier. Hulle sit in 'n kring met 'n groot sak afval voor hulle. Ernstige Pieter Papier trek sy mond op 'n plooï: Kyk net na al hierdie afval! Poppie Plastiek sog net en sê niks. Gertie Glas en Betsie Blikkie praat sommer gelyk en loer in die sak: "Waar kom al die rommel en weggoogoed vandaan? Wie het al hierdie afval veroorsaak? Wie is die morsjorse?"

Pieter Papier kyk na die verhoog: Hulle het!

Gertie Glas stamp sommer haar voet: "... en hulle het!" Sy kyk kwaai na die kinders. Pieter Papier se mond hang oop. Hy kan nie glo dat die Morsjorse sommer in een dag so 'n yslike sak vol rommel kan maak nie: "Een dag! Eisj!"

Betsie Blikkie wil dinge altyd dadelik regmaak. Sy maak die sak oop en steek haar hand in om te begin uitpak. Sy wil sien watter soort afval is in die sak. Die kinders kyk almal vir haar. Die Morsjorse weet hulle is skuldig en kruip agter hulle tafels weg waar niemand hulle kan sien nie.

Gertie Glas keer Betsie net toe sy die sak oopmaak. Betsie lyk baie verbaas. "Nee, moenie! sê Gertie. Gertie Glas: Julle kan nie net oopmaak en afval uithaal nie! Betsie lyk verbaas en loer weer in die sak. Daar is papier en gebruikte kospakkies en koeldrankblikkies. Hier steek 'n stuk hamburger uit wat iemand nie wou hê nie. Daar's bierbottels en glasstukke en plastiekflenters! Alles is vuil en ongesond.

Gertie Glas haal rubberhandskoene en voorskote en ou klere uit haar tas. "Betsie, dra handskoene en beskerm jou klere as jy met afval werk, hoor!" Betsie Blikkie lyk skoon bekommend: "Sjoe, Gertie – jy is slim ! Ek het dit amper met my kaal hande uitgehaal. Dit kon my siek gemaak het! Sy begin die handskoene aantrek.

Gertie Glas vra die leerders wie van hulle wil afval uit die sak haal. Sy het "Rommelheldeklere" vir twee kinders. Betsie roep van die kinders na die tafel waar hulle die afval gaan neersit. Al die leerders help om die swaar sak nader aan die tafel te sleep. Die Rommelhelde trek hulle klere en handskoene aan en begin die tafel volpak.

Pieter Papier skud sy kop: "Sjoe! Dit is 'n klomp afval. Kyk net al die stukke papier!" Poppie Plastiek se stemmetjie is hartseer: "Kyk, daar is my nefies en niggies!"

Pieter Papier glo nik wat sy sê nie: "Moenie laf wees nie, hoe kan hulle jou nefies en niggies wees?" Poppie Plastiek wys na die geskeurde broodsakkies en platgetrapte bakkies en koeldrankbottels wat op 'n hoop op die tafel lê. Dis alles afval van plastiek. "Dit is so, hulle is deel van my nefies en niggies. Asseblief kinders, sal julle vir die res van die klas stukkies van my familielede wys?"

Pieter Papier is baie trots op die leerders. Hulle is vandag regte Rommelhelde! Hy prys hulle met 'n groot glimlag: "Julle is die Rommelhelde. Wie is julle? Ek kan julle nie hoor nie. Sê dit weer!"

Betsie Blikkie verstaan nog nie mooi nie. Hoekom is hulle Rommelhelde? Pieter Papier vertel haar dat Rommelhelde sal oplet wie is die Morsjorse wat so rommel strooi, en wie gooi goed weg wat ons weer kan gebruik ... en hulle stormloop! "Sal hulle dit net hier by die skool doen?" vra Betsie. Nee! Sê die kinders in 'n koor. Rommelhelde kyk uit vir Morsjorse by hul huise, ook in hulle gemeenskappe, in openbare parke ... waar hulle staan en waar hulle gaan!

Betsie Blikkie en Pieter Papier en Gertie Glas begin vrolik saam met die kinders marsjeer. Eers net op die plek, toe om die tafel vol afval, toe reg rondom die speelterrein. Hulle sing en stamp hulle voete:
Rympie – kan soos 'n soort "oorlogskreet" aangeleer word, kinders sê dit op terwyl hul marsjeer (op die plek in die klas of verkieslik buite):

Ons staan saam, ons sien gevhaar! ons is daar om te keer, ons sal ander dit leer, waar ons staan en waar ons gaan!

Poppe: Ons is die rommelhelde, wie is julle?

Leerders: Ons is die rommelhelde, wie is julle?

Poppe: Julle is die rommelhelde, ons werk saam!

SAAM is ons die rommelhelde!

Naam: _____



Dinge om te onthou:

1 kilogram = 1 000 gram



Beantwoord die volgende vrae:

a. Hoeveel afval skep elkeen van ons elke dag?

b. As elkeen 2 kg afval skep, hoeveel sal ons hele klas in een dag skep?

Dié vrae sal jou help om die probleem op te los.

Wat is die vraag?

Wat is die getalle?

Watter getal moet ek bepaal?

Teken 'n prentjie. Jy gaan 'n ekstra vel papier nodig hê.
Skryf 'n getallesin.

Doen die berekening.

Bokse vol afval

Naam: _____



Dinge om te onthou:

Kapasiteit is die totale hoeveelheid wat 'n voorwerp kan hou (of die hoeveelheid ruimte in die voorwerp).

Volume is die hoeveelheid ruimte wat iets in beslag neem.



Die kapasiteit van die trok is 220 bokse.



Bestudeer die tabel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

	TOTAAL:	
Papier	540	
Plastiek	216	
Glas	108	
Metaal	180	
Organies	540	
Nieherwinbaar	216	

a. Ons skool skep al dié afval in een week. Hoeveel lorrievragte skep ons altesaam? _____

b. Wat is die kapasiteit van die trok (hoeveel kan die trok hou)? _____

c. Hoeveel lorrievragte papier skep ons? _____

d. Hoeveel lorrievragte plastiek skep ons? _____

e. Hoeveel lorrievragte glas skep ons? _____

f. Hoeveel lorrievragte metaal skep ons? _____

g. Hoeveel lorrievragte organiese materiaal skep ons? _____

h. Hoeveel lorrievragte nieherwinbare stowwe skep ons? _____

g. Voltooi die tabel:

Tipe afval	Kapasiteit van die trok	Die ruimte wat die bokse in beslag neem (volume)	Die ruimte wat nie met afval gevul is nie.
Papier	220 bokse		
Plastiek			
Glas			
Metaal			
Organies			

h. In dié aktiwiteit moet jy in jou eie woorde die verskil tussen kapasiteit en volume beskryf.

Maak 'n houer vol

Naam: _____



Dinge om te onthou:

Die gemiddelde persoon skep 2 kg afval per dag.




Los die probleem op

a. Hoe lank sal vier mense neem om dié houer te vul? (Jy het 'n ekstra vel papier nodig om die probleem op te los.)

Hier is 'n paar leidrade.

- Die houer is 100 liter.
- Organiese materiaal: 1 kg = 1 liter
- Papier: 500 g = 1 liter
- Glas: 2 kg = 1 liter
- Plastiek: 500 g = 1 liter
- Metaal: 3 kg = 1 liter

b. Wat dink jy stel die persentasies voor?



c. Watter uitwerking sal dié persentasies op die omgewing hê?

Naam: _____



Dinge om te onthou:

Die gemiddelde persoon skep 2 kg afval per dag.




Los die probleem op

- a. Ons skep elkeen elke dag sowat 2 kg afval. Hoe lank sal dit neem om dié klaskamer te vul?

Hier is 'n paar leidrade.

- Ek het 'n sakkie met 2 kg afval. Ek pers dit saam in 'n blok van $30\text{ cm} \times 30\text{ cm}$.
- Ek het 'n klaskamer wat $6,3\text{ m} \times 5,1\text{ m} \times 3\text{ m}$ is.
- Daar is 25 kinders in die klas.



- b. Herhaal die aktiwiteit maar doen dit vir jou klas.

3. Soliede afval

Onderwerp: Wiskunde

Doelwit: Om leerders bewus te maak van die vyf tipes vaste afval en hoe om dit te sorteer.

KABV-skakel:

Graad 4	▼	Graad 5	▼	Graad 6	▼	Graad 7	▼
<p>Datahantering Versameling en organisering van data Versamel data deur telling en tabelle te gebruik vir rekordering.</p> <p>Voorstelling van data: Teken 'n verskeidenheid grafieke om die data te vertoon en te interpreteer, insluitend: staafgrafieke.</p> <p>Interpretasie van data Kritiese lees en interpretasie van data wat voorgestel word staafgrafieke.</p> <p>Analise van data Analiseer data deur vrae te beantwoord wat verwant is aan die data-kategorieë.</p> <p>Verslagdoening van data Opsomming van data mondelings en in kort skriftelike paragrawe.</p>	<p>Datahantering Versameling en organisering van data Versamel data deur telling en tabelle te gebruik vir rekordering.</p> <p>Voorstelling van data: Teken 'n verskeidenheid grafieke om die data te vertoon en te interpreteer, insluitend: staafgrafieke.</p> <p>Interpretasie van data Kritiese lees en interpretasie van data wat voorgestel word staafgrafieke.</p> <p>Analise van data Analiseer data deur vrae te beantwoord wat verwant is aan die data-kategorieë.</p> <p>Verslagdoening van data Opsomming van data mondelings en in kort skriftelike paragrawe.</p>	<p>Datahantering Versameling en organisering van data Versamel data deur telling en tabelle te gebruik vir rekordering.</p> <p>Voorstelling van data: Teken 'n verskeidenheid grafieke om die data te vertoon en te interpreteer, insluitend staafgrafieke en dubbelstaafgrafieke.</p> <p>Analise van data: Analise van data: Analiseer data deur vrae te beantwoord wat verwant is aan die data-kategorieë, insluitend data-intervalle. Opsomming van data mondelings en in kort Verslagdoening van data: Opsomming van data mondelings en in kort skriftelike paragrawe, insluitend:</p>	<p>Datahantering Versameling en organisering van data: Versamel data deur telling en tabelle te gebruik vir rekordering.</p> <p>Voorstelling van data: Teken 'n verskeidenheid grafieke om die data te vertoon en te interpreteer, insluitend staafgrafieke en dubbelstaafgrafieke.</p> <p>Analise van data: Analise van data: Analiseer data deur vrae te beantwoord wat verwant is aan die data-kategorieë, insluitend data-intervalle. Opsomming van data mondelings en in kort Verslagdoening van data: Opsomming van data mondelings en in kort skriftelike paragrawe, insluitend:</p>				

Die datahanteringsiklus begin met dataversameling. Wanneer ons die data versamel het, is die vraag: Wat kan ons met die data doen?

In sy rou formaat gee data ons dikwels nie veel inligting oor ons probleem nie. Ons moet data organiseer, voorstel en opsom sodat dit ons kan help om ons probleem op te los. In dié les behandel ons die datahanteringsiklus deur op afval te fokus.

Hulpbronne benodig:

Storie

WAME-speletjie
(Sien hieronder.)

Werkblaaie

Storie**Graad 4–7**

Die leerders lees die storie. Vra hulle om die storie in 'n paar woorde op te som.

Datahantering**Graad 4–7**

Die datahanteringsiklus begin met dataversameling. Wanneer ons die data versamel het, is die vraag: Wat kan ons met die data doen?

In sy rou formaat gee data ons dikwels nie veel inligting oor ons probleem nie. Ons moet data organiseer, voorstel en opsom sodat dit ons kan help om ons probleem op te los. In dié les behandel ons die datahanteringsiklus deur op afval te fokus.

WAME-speletjie

Leerders speel die speletjie en versamel data.

Spelreëls

Wat jy nodig het:

- Skyfies om die houers toe te maak.
- Dobbelsteentjie (jou onderwyser sal vir jou 'n patroon vir 'n dobbelsteentjie gee).
- Spelbord

Hoe om te speel:

- Verdeel jou groep in twee spanne.
- Elke span het 'n skyfie.
- Plaas jul skyfie op enige oop blokkie. Jy kan in enige rigting beweeg.
- Gooi die dobbelsteentjie. Die getal op die dobbelsteentjie wys hoeveel plekke jy mag aanskuif.
- Jou doel is om op 'n herwinningshouer te beland. Wanneer jy op 'n herwinningshouer beland, maak 'n telmerkie (sien werkblaaie vir meer inligting) in die tellingkolom.

As jy die inhoud op jou tabel afmerk, plaas 'n skyfie op die herwinningshouer. Dit beteken niemand kan weer 'n vraag op dié blokkie beantwoord nie; dis nou dieselfde as 'n wit blokkie.

- Die volgende span speel.
- As jy op 'n leë blokkie beland, kry jy nie 'n beurt nie; jy moet wag vir jou volgende beurt om weer te gooii.
- Die speletjie is verby wanneer al die herwinningshouers bedek/leeggemaak is.
- Voltooi jou tabelle.

Werkblaaie

Voltooi werkblaaie graad 4–7.

Storie 3: Die Rommelhelde hou piekniek

Eendag besluit die Rommelhelde om in die parkie naby hulle huis te gaan stap. Pa Drommel, Ma Tjommel en die drie klein Rommels het lentekoors! Die koraalbome blom en die jasmyn stuur soet geure uit. 'n Mens kan sommer hoor hoe begin die gras groei: girrr! Die parkie is net om die hoek en hulle stap by die hek in. Dis 'n lieflike park met groot koeltebome. Net reg vir 'n lentepiekniek.

Maar o wee, dis rommel net waar jy kyk. Kleinst Rommeltjie wil sommer huil. Voor hulle loop die vullisblikke oor en papier is oral gestrooi. Al die Rommelhelde is boos. "Wie het al die afval hier gegooi?" Papierman verskyn in die verste hoek van die park. Hy lyk baie skuldig en koes vinnig agter 'n boom in toe Pa Drommel in sy rigting kyk.

Rommelientjie se vlegsels wip soos sy skop na 'n klomp blikkies. Sy gil hard: "Wie het al die afval hier gegooi?" Doer anderkant, by die swaaie, kruip Blikkiesman weg. Hy sit doodstil en hoop niemand sien hom nie. Ma Drommel kyk vies na die plastiekbottels wat in die park se visdam dryf. "A nee a, allawêreld!" Dit dreun soos die Rommelhelde die probleem bespreek. Niemand gaan lekker kan piekniek hou in so 'n bemorste park nie! Ou Plastiekman sluip by die park se hek uit en gaan sit op die sypaadjie.

Wie kom hier aangestap? Dis Betsie Blikkie en Pieter Papier. Van anderkant kom Kompi Kosmos en Gertie Glas ook nader. Hulle gaan staan by die Rommelhelde en kyk ook na die afval wat die wêreld vol lê. Betsie Blikkie praat eerste.

"Dèle van my lê rond en bont. Kan julle my asseblief help om dit op te tel? Weet julle wat om op te tel?" Pa en Ma knik, maar die Rommeltjies is nie seker nie. "My lyfie is gemaak van metaal," help Betsie Blikkie hulle. "O," sê Klein Rommel. Nou verstaan hy. "Maar waar moet ons die metaal wat ons optel goo?"

Betsie Blikkie wys hulle waar 'n ry afvalhouers teen die muur staan: "Kyk vir die houer met die teken van 'n blikkie op. Waar julle ook al hierdie teken sien, onthou, dit is die houer waarin julle metaal moet goo." Sy gee vir elke Rommeltjie 'n magneet en wys hulle hoe "vang" 'n magneet metaal. Hulle oë is soos pierings. Hulle begin dadelik soek na stukke metaal. Die meeste van die afvalmateriaal in die park is koeldrankblikkies. Van hulle roes al, so lank lê hulle daar. In 'n japtrap is elke stukkie blik met 'n magneet opgetel en in die metaalhouer gesit.

Pieter Papier kyk hartseer rond. Ou tydskrifte en stukke koerant lê orals versprei. "Niemand wil my meer lees nie," sê hy. "Weet julle waarvan ek gemaak is?" Hy klop teen sy ribbekas. "Papier. My lyfie is van papier gemaak." Kom, kinders, ons moet al die papier optel wat so rondgestrooi lê."

Die Rommelhelde se oë blink. Dis mos lekker om te sien hoe word die park mooier soos wat die afval opgetel raak! Kleinste Rommeltjie verstaan nog nie mooi nie. "Maar waar moet ons die papier gooie as ons dit opgetel het?" Rommelientjie gaan wys vir hom die afvalhouer met die teken van die koerant op. "Oral waar jy dié teken sien, Kleinboet, kan jy verseker wees dat koerante en papier in die houers gegooi kan word." Woerts-warts is al die los papier in die papierhouer!


Kompi Kompos roer iets op die grond met sy toon. "Kyk, wat lê daar? Dit is die stronk van 'n appel." Die Rommelhelde weet hulle moenie kos op die grond gooie nie, maar wat moet hulle dan met skille en stronke en doppe doen? "Ons maak kompos!" sê Kompi Kompos. "Kyk, daar staan die komposhouer." Hy wys die prent van kompos vir die Rommeltjies. Kompi Kosmos begin sommer dans. "Dis heerlike lente, die blommetjies blom! Hulle groei almal heerlik in die kompos wat ons maak. Bring die skille, gooie dit in die houer! Dis afval wat ons weer kan gebruik om die aarde mooi te maak."

Al die papier en blikkies is in houers gesit. Dis Gertie Glas se beurt. Sy buk af en wys vir Klein Rommel blink skerwe glas. Dis 'n gebreekte bierbottel: "Is dit deel van my lyfie? Ja, dit is mos. Stukkies glas." Klein Rommel sit sy handjies agter sy rug. "Ons kan dit nie optel nie, dit kan gevaelik wees!"

Gertie Glas lyk kwaai: "Hoekom? Wil jy sê dat ek gevaelik is?"

"Ma sê dit sal ons sny!" Pa en Ma Rommelheld kom nader. Hulle het handskoene aan. As 'n mens glas met handskoene of 'n graaf optel, sal jy nie so maklik seerkry nie. Gertie Glas wys vir hulle die houer met die teken vir glas op. "Waar jy ook al hierdie teken sien, kan jy weet dat glas in daardie houer of drom geplaas kan word."

Die park is nou silwerskoon. Ma Tjommel maak die piekniekmandjie oop en haal lekker koeldrank uit. "So ja, nou is dit skoon en netjies nes ons daarvan hou!" Al die Rommelhelde gaan sit onder 'n boom en kuier heerlik op dié lentedag.





Plastiek



Metaal



Papier




Glas



Kompi Kompos





Naam: _____



WAME-speletjie

Julle onderwyser sal die speletjie aan julle verduidelik.

